# Wanneer die “sterk” aangeval word

(Jes 36:1)In die veertiende jaar van koning Hiskia se regering het koning Sanherib van Assirië al die versterkte stede van Juda aangeval en dit verower.

(Jes 36:2) Toe het die koning van Assirië sy persoonlike verteenwoordiger met ’n groot leër uit Lakis gestuur om koning Hiskia in Jerusalem te konfronteer. Die Assiriërs was langs die kanaal wat water na die boonste dam lei, naby die pad waar klere gebleik is.

(Jes 36:3) Hier is ’n lys van amptenare wat uitgegaan het om die verteenwoordiger te ontmoet: Eljakim seun van Gilkija was administrateur van die paleis, Sebna was die sekretaris van die hof en Joag seun van Asaf was die koning se historikus.

(Jes 36:4) Die Assiriese koning se verteenwoordiger het hierdie boodskap vir koning Hiskia gestuur:
“So sê die groot koning, Assirië se koning: Waarop vertrou julle dat julle so vol selfvertroue is?

**Wie was koning Hiskia?**

(2Ko 18:1)  En in die derde jaar van Hoséa, die seun van Ela, die koning van Israel, het Hiskía, die seun van Agas, die koning van Juda, koning geword.
(2Ko 18:2) Vyf en twintig jaar was hy oud toe hy koning geword het, en nege en twintig jaar het hy in Jerusalem geregeer; en die naam van sy moeder was Abi, ‘n dogter van Sagaría.

**Wie was koning Hiskia?**

(2Ko 18:3)  En hy het gedoen wat reg was in die oë van die HERE net soos sy vader Dawid gedoen het.

(2Ko 18:4)  Hy het die hoogtes afgeskaf en die klippilare verbreek en die heilige boomstamme omgekap en die koperslang wat Moses gemaak het, stukkend gestamp, omdat die kinders van Israel tot op dié dae daarvoor offerrook laat opgaan het; en hy het dit Nehústan genoem.

**Wie was koning Hiskia?**

(2Ko 18:5)  Hy het op die HERE, die God van Israel, vertrou, sodat onder al die konings van Juda ná hom en die wat voor hom gewees het, niemand soos hy was nie.

(2Ko 18:6)  Ja, hy het die HERE aangehang sonder om van Hom af te wyk en sy gebooie onderhou wat die HERE Moses beveel het.

**Wie was koning Hiskia?**

(Spr 25:1)  Dit is ook spreuke van Salomo, wat die manne van Hiskía, die koning van Juda, versamel het.

.

# Wanneer die “sterk” aangeval word

(Jes 36:4)  En die persoonlike verteenwoordiger sê vir hulle: Sê tog aan Hiskía: So spreek die groot koning, die koning van Assirië: Wat is dit vir ‘n vertroue wat jy koester?

(Jes 36:7)  Maar as jy vir my sê: Ons vertrou op die HERE onse God—is dit nie Hy wie se hoogtes en wie se altare Hiskía verwyder het nie deur aan Juda en Jerusalem te sê: Voor hierdie altaar moet julle buig?

(Jes 36:10)  Het ek dan nou sonder die HERE teen hierdie land opgetrek om dit te verwoes? Die HERE het vir my gesê: Trek op teen hierdie land en verwoes dit.

Die vyand se wapens teen die sterk:

1) Leuens en misleiding

(Jes 36:11) Daarop het Eljakim, Sebna en Joag vir die koning se verteenwoordiger gevra: “Praat asseblief tog met ons in Aramees. Ons verstaan dit goed. Moet asseblief nie in Hebreeus met ons praat nie, want die mense op die muur sal dit kan verstaan.”

(Jes 36:12) Maar Sanherib se verteenwoordiger het geantwoord: “My meester wil hê elkeen in Jerusalem moet dit hoor, nie net julle nie. Hy wil hê hulle moet weet dat as julle nie oorgee nie, ons hierdie stad sal beleër. Die mense sal so honger en dors word dat hulle hulle eie ontlasting sal eet en hulle eie urine sal moet drink!”

(Jes 36:13) Toe het hy regop gaan staan en in Hebreeus geskreeu sodat die manne op die muur dit duidelik kon hoor: “Luister na hierdie boodskap van die groot koning, Assirië se koning!

(Jes 36:14) So sê die koning: Moenie dat koning Hiskia julle om die bos lei nie! Hy sal nooit in staat wees om julle te red nie.

(Jes 36:15) Moenie dat Hiskia julle mislei om op die Here te vertrou nie.

Die vyand se wapens teen die sterk:

1) Leuens en misleading
2) Disrespek en Intimidasie

(Jes 36:16)  Luister nie na Hiskía nie; want so sê die koning van Assirië: Sluit met my vriendskap en trek uit na my toe en eet elkeen van sy wingerdstok en elkeen van sy vyeboom en drink elkeen die water van sy put,

Die vyand se wapens teen die sterk:

1) Leuens en misleading
2) Disrespek en Intimidasie
3) Die vyand belowe vreugde weg van God af

Hiskia Veg terug

(Isa 37:1)  En toe koning Hiskía dit hoor, het hy sy klere geskeur en hom met ‘n roukleed bedek en in die huis van die HERE gegaan.

Hiskia Veg terug

1) Hy vlug na die huis van God

(Jes 37:2) Hy stuur toe Eljakim, die administrateur van die paleis, Sebna, die hof se sekretaris en die leierpriesters na die profeet Jesaja seun van Amos. Hulle het almal rouklere aangehad.

(Jes 37:6) (So) het die profeet geantwoord: “Sê vir julle meester: ‘So sê die Here: Moenie jou ontstel oor die godslasterlike woorde wat die Assiriese koning se boodskappers teen My geuiter het nie.

Hiskia Veg terug

1) Hy vlug na die huis van God
2) Hy laatweet n goeie vriend in die geloof van die “aanval”

(Jes 37:14) Nadat Hiskia die briewe ontvang het en dit gelees het, het hy na die tempel van die Here gegaan. Hy het die briewe voor die Here oopgesprei.
(Jes 37:15) Toe het hy hierdie gebed voor die Here gebid:
(Jes 37:16) Here, Almagtige, God van Israel, u troon is tussen die magtige gerubs! U alleen is God oor al die koninkryke van die aarde. U alleen het die hemele en die aarde geskep.

## Hiskia Veg terug

1) Hy vlug na die huis van God
2) Hy laatweet n goeie vriend in die geloof van die “aanval”
3) Hy sprei sy hart oop voor die Here en prys Hom

(Jes 37:31)  Dan sal die vrygeraaktes wat oorgebly het van die huis van Juda, weer wortel skiet ondertoe en vrugte dra boontoe.

(Jes 37:36) Daardie nag het die engel van die Here na die Assiriese kamp toe ge-gaan. Hy het 185 000 Assiriese soldate doodgemaak. Toe die Assiriërs die môre vroeg opstaan, was daar oral net lyke!